Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-02-17

Johannes 17:1-26

Die voortdurende werk van die Heilige Gees bevestig die goeie nuus

Inleiding

- Ons het die laaste twee weke stilgestaan by Jesus se gebed in Johannes 17.
    - Dit is die gebed van Jesus voordat Hy in hegtenis geneem word.
- Ons fokus veral op die werk van die Drie-eenheid.
    - Ons het begin deur te hoor hoe God die Vader ons bewaar.
        - Hy het ons gekies en versorg ons daagliks.
    - Laasweek het ons gehoor hoe ons deur die werk van die Seun vrygemaak is en dat Hy self ook God is.
        - Dit bevestig dan dat ons deur Christus gewy is tot God en ons daardeur versterk word om as kerk en individu te stry teen die Bose van die wêreld.
    - Ek het die voorstel gemaak dat jy die gedeelte moet vat en vir jouself aandui in die gedeelte wat die Vader doen en wat die Seun doen.
        - As jy dit gaan doen het sal jy baie duidelik sien dat die Gees nie een keer genoem word in hierdie gedeelte nie.
- Die Heilige Gees word nie een maal genoem nie.
    - Tog is die Gees en sy werke nie afwesig in hierdie gebed nie.
        - Wanneer ons in diepte gaan kyk na die gedeelte kan ons die werke van die Gees nie ontken nie.
    - Daarom word ons vandag verseker dat die voortdurende werk van die Heilige Gees ons verseker van die evangelie.

Die Gees lei ons op die pad van heiligmaking

- In die Gereformeerde tradisie het ons lank weggeskram van die fokus op die Heilige Gees.
    - Dit het veroorsaak dat ons kennis van wie die Gees is en wt Hy doen dikwels ‘n vreemde konsep is waarvan ons min weet en min oor praat.

- Tog bely ons soos vroeër in die geloofsbelydenis van Nicea dat ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak.
    - Die Heilige Gees is daarom ‘n onloosmaaklike deel van die Drie-eenheid.
        - Ek kan nie sê ek glo in die Heilige Gees, en dan nie erken wie Hy is en wat Hy doen nie.
- In die naam Heilige Gees, erken ons die eienskap van God dat God heilig is.
    - Met ander woorde, in Hom is geen sonde nie, daarom is die Heilige Gees ook God.
- Ons het laasweek gehoor dat heilig beteken om afgesonder te wees vir ‘n besondere diens.
    - Ons word deur Christus geheilig van die wêreld en geheilig tot God.
        - Die Gees wek in ons die geloof op om in God te kan glo.
- Daar kan dus geen geloof in die mens wees as die Gees nie die geloof opwek nie.
    - Daarom is ons so afhanklik van die Heilige Gees.
- As ons nie heilig is nie, kan ons nie by God wees nie.
    - God eis heiligheid.
        - Ons is nie heilig nie.
        - Daar is dus ‘n gebrek by ons.
    - So het ons dan die Gees nodig sodat ons heilig gemaak kan word.
        - Hierdie heiligmaking is egter ‘n proses.
            - Deur Christus is ons reeds regverdig gemaak, en daarom word ons dan nou deur die Heilige Gees, heilig gemaak.
- Heiligmaking is die proses waar ons herstel word tot die beeld waartoe God ons geskep het.
    - Heilogmaking is daarom die proses waar ek en jy daagliks al meer teen die sonde stry en al meer tot God vlug.
        - Weereens is dit nie my eie werke nie, maar die Gees wat binne my die begeerte kweek om die ou mens agter te los en al hoe meer nuut te word soos wat God eis.
- Heilig beteken dat daar geen sonde is nie.
    - Daarom kan ek en jy nie sê dat ons heilig is nie.
        - Dan ontken ons die sonde se rol in die wêreld.
        - Maar die heiligmaking deur die Gees lei ons om nader aan die heiligheid te kom wat God eis.

- Hierdie heiligmaking loop hand aan hand met die geloof wat die Gees in ons opwek.
    - Daar kan dus nie heiligmaking wees as ek en jy nie glo nie.
- Uit die geloof uit vloei die heiligmaking.
    - Dit sluit in die stryd teen die sonde.
    - Dit sluit in die daaglikse bekering.
    - Dit sluit om te erken ek is afhanklik van God om te kan word wat Hy van my verwag.
        - Wanneer ek en jy besef hoe die proses werk en hoe die Gees werk dan kan ons duidelik sien hoe die gedeelte in Johannes 17 oorloop van die wonderlike werk van die Heilige Gees.

<u>Die Gees werk in ons</u>

- Christus plaas groot klem op die feit dat ons in Hom is en Hy in ons.
    - Dit word moontlik gemaak deur die Gees wat uitgestort is en in ons woon en werk.
- Die Gees is daarom die rede dat ons die geloof eenheid kan beleef danksy die eenheid wat ons in Christus het.
- So ook verseker Christus ons van die waarheid wat ons die woord van God vind.
    - Die Gees verhelder ons verstand sodat ons die woord van die Here nie net hoor nie, maar ook kan verstaan.
        - Die feit dat jy vanoggend die woord van die Here hoor en dat dit vir jou verklaar kan word getuig dat die Heilige Gees ook vandag hier en nou in die harte van gelowiges werk.
- Verder werk die Gees ook in die wyse waarop ek en jy tot God gewy word.
    - Ons het laasweek gehoor dat wy die manier is waarop die offer vir God voorberei word.
        - Soos wat die lam nie self na die tempel gestap het om geoffer te word nie, is dit ook duidelik dat ek en jy nie self die keuse maak om gewy te wees nie.
- Die Gees werk in ons en verander ons om gewy tot God te wees.
    - Dit is dan ook die antwoord op die pinkster kerke se idee dat ek self die keuse maak.
        - Ek is van nature so sondig en gebroke dat ek glad nie oor die vermoë beskik om God te kies nie, maar die Gees verseker my

dat God my kies, en daarom het ek die geloof gekry as bevestiging dat God my gekies het.

- Ons lees saam in Johannes 17:20 dat Christus ook bid vir hulle wat tot geloof sal kom.
    - Dit beteken dat Christus daar ook vir my en jou bid.
        - Daar gee Hy die versekering dat ons die Gees sal ontvang en daarmee saam dan ook die geloof wat daarmee saam gaan.
- Die Gees lei ons in en tot eenheid.
- Die Gees lei ons om heilig te word.
- Die Gees wek in ons die geloof op.
    - Daarom is die Gees ook vir ons die troos en versterking as antwoord op die Bose van hierdie wêreld.

<u>Die Gees vertroos en versterk ons</u>

- Jesus se gebed in Johannes 17 is ‘n herinnering dat Hy die aarde gaan verlaat.
    - Hy gaan nie meer fisies by sy dissipels wees nie.
    - Hy is ook nie vandag fisies by my en jou nie.
- Maar Hy stuur sy Gees om by ons te wees.
    - So verseker Hy dat Immanuel steeds vandag vir my en jou ten spyte van al die uitdagings en boosheid van die wêreld, waarde het.
        - God is nogsteeds by ons.
- Dit is ons groot troos en versterking vandag.
    - Christus bid nie dat ons verwyder word van die wêreld nie, maar ek en jy ontvang die Gees van God wat ons die krag gee om te stry teen die bose.
        - Die Gees gee ons die krag in die geloof om te kan staande bly teen die wêreld.
    - Maar nog meer as dit roep die Gees ons op om die Goeie Nuus te kan deel.
        - Om Christus te bely in die wêreld is net moontlik deur die Gees wat ons lei.
    - Die grootste troos van die Heilige Gees maak Paulus vir ons duidelik in Romeine 8:26

        - *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.*
- Deur die Gees word ons daagliks bewus van ons swakheid.
    - Maar ons word getroos dat Hy ons bystaan ten spyte van ons swakheid.

Slot:

- Ons het nou vir drie weke stilgestaan by wie God is.
    - Wie is die Vader?
    - Wie is die Seun?
    - Wie is die Gees?
- Maar wat van my?
    - Wat doen ek met hierdie inligting?
- Wees getroos.
    - Wees getroos dat God die Vader jou geskep het meer dat Hy jou ook vandga nog bewaar.
    - Wees getroos dat God die Seun jou losgekoop het en vir jou gedoen het wat jy nie vir jouself kon doen nie.
    - Wees getroos dat God die Gees jou die geloof gee en jou heilig maak om herstel te word na die beeld van God.
- Daarom glo nou in opregtheid.
    - Besef nou wat dit beteken wanneer ons saam ons geloof bely.
        - Dit het vir jou ewigheidswaarde dat jy deur die almagtige drie-enige God gekies is om sy kind te wees.
- En dit, gemeente, dit is Goeie Nuus